



Verwysing: 20170331-9632  
12/16/8/P  
Navrae: M Phillips

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut-minuut: 0002/2017

Aan: Prinsipale en Personeel wat opleidingskursusse by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut bywoon

**Onderwerp: Hersiene KOLI-beleid oor eise vir reis**

1. 'n Reissubsidie sal betaal word om formele Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) -intervensies wat oor 10 dae strek by te woon, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
  - Formele registrasie vir die kursus moet vooraf bevestig word.
  - Bywoning van die volle kursus moet bevestig word (op die daaglikse bywoningsregister).
  - Die totale afstand wat per dag afgelê word, moet 20 km per retoerit oorskry (200 km vir die duur van die kursus).
  - Die totale afstand wat vir die tydperk geëis word, mag nie 140 km per retoerit per dag oorskry nie. Deelnemers wat hierdie afstand oorskry, sal nie vir meer as 140 km per dag vergoed word nie, en word aanbeveel om eerder vir KOLI-verblyf te registreer.
  - Deelnemers van landelike distrikte wat meer as 70 km (meer as 140 km per retoerit) van die KOLI af woon, en wat van KOLI-verblyf of private verblyf gebruik maak, sal toegelaat word om een retoerit tussen hul permanente woning en die KOLI te eis.
2. 'n Reissubsidie mag betaal word om formele kort KOLI-intervensies by te woon, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
  - Formele registrasie vir die kursus moet vooraf bevestig word.
  - Bywoning van die volle kursus moet bevestig word (op die daaglikse bywoningsregister).
  - Die totale afstand wat per dag afgelê word, moet 20 km per retoerit oorskry, met dien verstande dat die totale afstand wat vir die duur van die kursus afgelê is, 50 km oorskry. Indien dit dus 'n eendagintervensie is, moet die minimum afstand wat per retoerit afgelê word, 50 km oorskry voordat 'n eis verwerk sal word.

- Die totale afstand waarvoor geëis word, mag nie 140 km per retoerit per dag oorskry nie. Deelnemers wat hierdie afstand oorskry, word aanbeveel om eerder vir KOLI-verblyf te registreer.
- Deelnemers van landelike distrikte wat meer as 70 km (meer as 140 km per retoerit) van die KOLI af woon, en wat van KOLI-verblyf of private verblyf gebruik maak, sal toegelaat word om een retoerit tussen hul permanente woning en die KOLI te eis.

3. Die eise ten opsigte van reis sal volgens die volgende kriteria bepaal word:

3.1.1	Gebruik van eie motor	Onderwysers moet so vër as moontlik vervoer deel. Slegs die bestuurder of eienaar van die motor mag eis vir die kilometers wat afgelê is. Passasiers moet gelys word. 'n Maksimumtarief van R3,00 per kilometer sal betaal word. Enjinkapasiteit sal van toepassing wees en besonderhede daarvan moet op die eisvorm aangedui word.	
3.1.2	Die gebruik van 'n saamryklub (betaal of gratis) in 'n private motor	Slegs die bestuurder of eienaar van die motor mag eis vir die kilometers wat afgelê is. Passasiers moet gelys word. 'n Maksimumtarief van R3,00 per kilometer sal betaal word. Enjinkapasiteit sal van toepassing wees en besonderhede daarvan moet op die eisvorm aangedui word.	
3.1.3	Die gebruik van 'n skoolbus	Die skool moet 'n brief indien waarin aangedui dat die skoolbus vir hierdie kursus gebruik is. Die name van die passasiers asook die afstand wat afgelê is, moet ook aangedui word. 'n Tarief sal betaal word, gebaseer op die enjinkapasiteit, en die besonderhede daarvan moet op die eisvorm aangedui word.	
3.1.4	Die gebruik van 'n diensverskaffer	Stap 1	Die skool moet 'n skriftelike kwotasie voor die opleiding verkry.
	<b>LW: skriftelike voorafgoedkeuring moet van die KOLI-programkoördineerder verkry word.</b>	Stap 2	Die skool moet die kwotasie by die KOLI-programkoördineerder vir goedkeuring indien.
		Stap 3	Die KOLI-programkoördineerder moet skriftelike bevestiging voorsien dat die diens wel gekontrakteer kan word.
		Stap 4	Die skool moet vir die huur van die diens reël.
		Stap 5	Ná die gebruik van die diens, moet die SKOOL die diensverskaffer betaal en 'n kwitansie kry.

		<p>Stap 6</p>	<p>Vir vergoeding moet die skool 'n brief indien by die KOLI-eisbestuurder waarin aangedui word dat die diensverskaffer gebruik is, asook die name van die passasiers en die besonderhede van die afstand wat afgelê is. Die kwotasies, die goedkeuring van die KOLI-programkoördineerder en die finale betaalde faktuur moet aangeheg word.</p>
		<p>Alle papierwerk moet as bewys vir die interne ouditeur gehou word. Die WKOD sal SLEGS die skool vergoed sodra die ondertekende dokumentasie, insluitende die skriftelike <b>vooraf</b> goedkeuring van die KOLI-programkoördineerder, ontvang is. Onderwysers moet 'n sentrale oplaai-punt reël waar almal as 'n groep opgelaaï kan word.</p>	
3.1.5	<p>Die gebruik van openbare vervoer, d.w.s. 'n taxi, bus of trein</p>	<p>Eise moet die begin- en eindpunt van elke fase van die reis aandui.  Vergoeding sal volgens standaardtariewe gemaak word. Bewyse (kaartjies) mag deur die eisamptenaar versoek word om die eis te bekragtig.  Geen eise vir huurmotors met metertariewe mag geëis word nie. 'n Beëdigde verklaring moet deur die eiser voltooi en op die laaste dag van die intervensie deur 'n KOLI-amptenaar onderteken word.</p>	

4. Volgens die beleid, sal eisers slegs ná die voltooiing van die opleidingskursus gesubsidieer word en sal dus vooraf hul eie onkoste moet betaal. Bewys van betalings moet bewaar word.
5. Alle eise moet ingedien word by die opleidingslokaal, waar die betrokke KOLI-koördineerder byderhand sal wees om eisers te help.
6. Geen laat of onvoltooide eise sal aanvaar word nie, tensy daar buitengewone versagende omstandighede is. Vergoeding kan nie in sodanige gevalle gewaarborg word nie.
7. Die toegangs- en uitgangregisters van die KOLI-sekureiteit sal gebruik word om motor- en passasierbesonderhede te bevestig. Maak asseblief seker dat motors daaglik behoorlik ingeteken, en slegs in die aangewese KOLI-parkeerarea geparkeer word. Indien 'n eis nie geverifieer kan word nie, sal dit nie verwerk word nie.
8. Subsidies sal slegs ná deeglike ondersoek van eise gemaak word. Die WKOD behou die reg om die finale besluit te neem waar enige teenstrydigheid, nienakoming of bewys van oneerlikheid voorkom.

9. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers te bring wat geregistreer is om kursusse by die KOLI by te woon.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2017-03-30